

Koninkrykstyf

# GRENDEL- GEDAGTES

tema: **God vind jou met vreugde** (Koninkrykstyf)  
teks: **Prediker 9:1-10**



## **Nuwe reeks: Inleiding**

*Ons preekreeks se tema vir die volgende paar weke is Grendelgedagtes. In ons weeklikse aanlyn-gesprekke met mekaar, het ons as predikante gou besef hoe uiteenlopend ons ervarings van grendeltyd is. Daar is natuurlik ook heelwat ooreenkomste, maar ons het gedink dit kan baie sinvol wees om vanuit ons elkeen se leefwêreld iets te deel van die pad wat God met ons stap in hierdie unieke tyd. Die reeks se temas en tekste sluit aan by Koninkrykstyf - die tydperk in die jaar waar ons spesifiek nadink oor ons gestuurdheid na God se wêreld. Dit is 'n tyd waar ons fokus op ons belydenis dat Christus die Here is, en wat dit inhou om Hom prakties na te volg en die goeie nuus uit te leef. Koninkrykstyf word tradisioneel deur die kleur groen gekenmerk - die teken van geloofsgroei, hoop en nuwe lewe wat Christus bring. Die sentrale simbool van Koninkrykstyf is 'n boot met 'n kruis, wat volgelingen van Christus as draers van die kruis-evangelie in die wêreld simboliseer. Die storie van ons geloof begin en eindig met vreugde.*

## **Vreugde**

Toe God met Job gepraat het in die warrelwind (Job 38), het Hy vir Job gesê dat toe Hy die fondasies van die aarde gelê het, het die oggendsterre en die seuns en dogters van God gesing van vreugde. Dit beteken dat as ons in ons verbeelding terugbeweeg so ver as wat ons kan terugbeweeg, vind ons vreugde.

As ons dan in die teenoorgestelde rigting beweeg, so ver in die toekoms soos ons moontlik kan, vind ons daar ook dieselfde soort vreugde. In Johannes se visie in Openbaring 4 - waar die hele skepping byeen is voor die troon van God - vind ons 'n prentjie van blydschap in die oortreffende trap. En oral tussen die begin en die einde (wat ook net nog 'n begin is), is daar ook vreugde. Jesus het dit eenvoudig gestel in: (Joh 15:11) "Dit sê ek vir julle sodat my blydschap in julle kan wees en julle blydschap volkome kan wees – julle moet mekaar liefhê". God se geskenk aan sy skepping: Blydschap aan die begin, blydschap aan die einde, en blydschap oral tussen-in.

## **Hoe gebeur dit dan dat so baie van ons in die moeilikheid beland as ons probeer om so bietjie pret te hê?**

Want ek dink julle sal met my saamstem dat 'n groot gedeelte van die pyn wat ons beleef afkomstig is van die najaag van plesier. Die tragiese wat kan gebeur is dat ons vreugde probeer losmaak van God, en sodoende raak die plesier wat ons najaag ietwat leeg en betekenisloos.

Prediker help ons nogal met hierdie probleem. Soos vir baie van ons, is die lewe vir die Prediker ook bietjie hard en onregverdig, en voel dit

gereeld of alles uitloop op hande vol wind... Hy praat wel opvallend baie oor blydschap; dat daar geen manier is om God te ervaar sonder die ervaring van plesier nie. Wanneer jy in voeling kom met God, kom jy in voeling met vreugde.

**Eugene Peterson** sê die Prediker is die vullis-verwyderaar van die koninkryk van God. Hy stap op en af in die gange en kamers, solders en kelders van ons lewe, en ruim al die gemors op. Daardie goed wat ons dink ons dalk eendag erens mag nodig hê en maar net altyd saam met ons trek sonder om dit te gebruik. Hy maak ons bewus van die waardeloosheid van dinge wat ons najaag en opgaar. Net soos ons ontslae raak van dinge wat ons lewe clutter, so lees ons in Prediker oor die illusies van die lewe wat ons moet laat gaan – dit wat ons najaag wat eintlik geen doel het nie.

Die Prediker gee wel *nie* vir ons 'n lysie van goeie en slegte plesier *nie*. Of regte en verkeerde plesier nie. Dit is nie die styl waarin hy praat nie – Hy is nie 'n moralis nie. Ja ons leef in 'n morele heelal en het nodig om te leer om morele goeie besluite te neem, vanuit ons liefde v God en mekaar te kies wat reg is, en weerstand te bied teen wat verkeerd is... Maar die Prediker fokus meer op verskil tussen die realiteit en illusies. Sy vraag is nie: Wat is reg of verkeerd nie, maar wat is die **werklikheid**. Wat hy aanhoudend sê is **dit** waaraan ons soveel waarde heg, is nietig, tevergeefs; 'n gejaag na wind...

Die punt wat die prediker maak is om 'n tipe **rollespel** te doen en Koning Salomo as voorbeeld te gebruik. Salomo is nie die skrywer van hierdie boek nie. Hy het begin as die wyste van die wyses en opgeëindig as een van die mees dwase konings van sy tyd; 'n donker figuur. *Soms kom die wysheid met die ouderdom, en soms kom net die ouderdom...* Die Prediker "maak" natuurlik asof hy Salomo is, en kom wys hoe lyk genot wat die pad byster geraak het. Prediker 2: "Ek het by myself gedink: laat ek my oorgee aan plesier. Die tragiese hoogtepunt is waar Salomo sê: "Alles wat ek begeer het, het deelgeraak van my lewe – watookal my oë begeer het, het ek nagejaag."

Dit ontbloot die bedrog van hierdie hele oefening: ek laat my lei deur my oë – **laat my oë se wil geskied**. Wat Salomo probeer beheer het, het hom begin beheer. Genot sonder God en sonder grense = Hel.

Die "**Salomo fout**" is eenvoudig en kristalhelder:

1) Jy kan nie genot najaag nie.

Dit is 'n geskenk wat jy geniet; nie 'n **doel** om te bereik nie. Geen plesier/genot wat ons najaag - hoe lekker ookal is gee vir ons genoeg rede om te leef nie.

2) En jy kan dit nie koop nie.

Wat ons wel kan ontwikkel is ons kapasiteit om te gee. Die pad na ware vreugde is **vrygewigheid**. Of in Jesus se woorde: Matt 16:26 "Hy wat sy lewe verloor, sal dit vind..."

Almal soek vreugde, maar die verskil is wanneer jy agterkom vreugde soek *jou*, en dis waaroor dit vir God gaan. Dis iets anders om vreugde te jaag, en dan jaag jy dit en die dinge wat jy dink met vreugde verband hou. **Maar God gee vreugde**. Ek wil dit weer sê, God vind jou met vreugde. Jy kan dit jaag soos jy wil. Jy gaan hande vol wind skep, soos die Prediker gedoen het in sy patetiese pogings deur wysheid wat hy gejaag het... God vind jou. God verseker ons: Ek sal jou vind – soos seun wat verlore is en gevind is, en daarna het die Pa 'n feesmaal van vreugde gehou! God en vreugde vind jou op plekke waar jy dit die minste verwag... Daarom geniet die lewe: Jy is in God se teenwoordigheid - en maak God die gasheer, nooi Hom uit as die eregas.

Een van die blymoedigste gedeeltes in die Bybel kom uit Pred 9:7-8... Eet, drink met vreugde, geniet jou man en vrou, **want God het lankal goedgekeur wat jy doen**... Elke vreugde, elke blydschap, elke genot, elke plesier is afkomstig van God. Wanneer die Here daar is bly die vreugde, al is die ete verby, al spin jou kop in 30 rigtings oor al die onsekerheid binne jou, al is die lewe vir my verskriklik swaar en donker... Daar is vreugde, want God is hier. Dit sit die uitnodiging op die tafel: om dit te aanvaar 'n geskenk wat so onvoorspelbaar is soos die Een wat dit gee...

#### 'n Paar vrae vir nadenke:

- As jy een vraag vir God kon vra oor vreugde, wat sou dit wees?
- Lees weer 9:7-9. Watter gedagtes maak dit in jou los oor jou pad saam met God en jou geliefdes?
- Hoe het grendeltyd jou bewus gemaak van die dinge wat jy opgaar wat eintlik nutteloos is, en jou vreugde steel?
- Waar het God jou onlangs onverwags verras met vreugde?